BRAHMAN – DIE RAS SONDER GRENSE

Sedert die Brahman die eerste keer op die toneel verskyn het in 1954 en sy invloed in die stoet en kommersiële vleisbees bedryf ‘n euforie of “tsoenami” tot gevolg gehad het, is die resultaat van sy verskynsel vandag so gevestig, dat die woord Brahman sinoniem is met suksesvolle rooivleis produksie.

Met die tradisionele beesvleis ketting waar die vloei van gene vanaf die stoetteler na eindverbruikers soos kommersiële beesboere plaasvind, het die Brahman hom so gevestig dat ‘n leek nodig is om nie die invloed van die ras te sien in kommersiële kuddes of die groot aantal sintetiese rasse wat selfs wêreldwyd met soveel sukses vanuit die Brahman gegenereer is, veral die afgelope dekade en ‘n half.

Die eindverbruikers wat ook voerkrale, vleishandelaars, slaghuise, restaurante en die huisvrou wat die aankope doen insluit, se behoeftes wat die vereistes van die hele industrie reflekteer word bevestig deurdat Brahmanvleis grotendeels op die meeste eindverbruikers se tafels beland.

Dit is dus korrek om vanuit gemelde stelling die afleiding te maak dat die eindverbruiker in Suid-Afrika in die Brahman ‘n genotipe gevind het wat eenvoudig produktief en doeltreffend in die meeste biologiese omgewings kan presteer. Voorts word bevestig dat die rede hoekom die kommersiële beesboer hom eenvoudig vandag so met die Brahman vereenselwig, dit is omdat die ras oor die mees voordeligste produk- en prestasie-eienskappe beskik wat deur die kommersiële rooivleisboer vereis word.

Stoetteling is geensins en kan nie meer as ‘n stokperdjie bedryf word nie. Brahman telers se “beste genetiese materiaal” voldoen en pas in by die biologiese omgewing, produksiestelsels, bestuurspraktyke en ekonomiese verwagtinge van die beesvleis ketting. Die frekwensie van gene waaruit die kommersiële sektor die meeste voordeel trek om genetiese vordering te versnel en om produktiwiteit en winsgewendheid ten opsigte van die verkoopprys van beide teel- en slagdoeleindes te verhoog, word verkry vanuit die Genootskap se mees moderne genetiese evaluasie sisteem BREEDPLAN en deur BLUP tegnologie (Beste onpartydige liniêre beramings) toe te pas.

Volgehoue seleksie en in besonder die advisering van telers oor faktore vir seleksie doelwitte is ‘n absolute prioriteit in die Genootskap om tred te hou met moderne teel tegnieke. Die feit dat die Brahman nie in kompetisie staan met ander rasse nie, maar hulle komplimenteer, en as’t ware die goue draad is wat regdeur loop as jy waarde wil toevoeg tot daardie eindproduk, spruit verder voort uit sy genetiese uniekheid.

Geen ander ras in Suid-Afrika beskik oor soveel suiwer tipes as daar maar net gedink word aan die Wit- en Rooi Brahman. Tot ‘n mindere mate word die Indu-Brazil, Gir, Nellore of selfs enige Guzerat vandag in ons land aangetref. Die somtotaal van hierdie kwalitatiewe genetiese variasie waarop geen ander ras kan roem gee gevolglik of verleen passievol nuwe betekenis aan begrippe soos heterose, erfdwang aanpasbaarheid en in besonder moedereienskappe.

Om alles te kroon het die Brahman vanweë sy genetiese uniekheid en vermoë om waarde toe te voeg wêreld-wyd so ‘n metamorfose veroorsaak dat “rasbeheptheid” eenvoudig daartoe aanleiding gegee het dat verskeie sogenaamde “nuwe rasse” met

hom gegenereer is. Die ras se voordelige kwalitatiewe eienskappe komplimenteer ander rasse wat in baie gevalle onherstelbare markaandeel verloor het. Die basiese genetiese beginsel van suiwerheid vir genetiese volhoubaarheid moet egter altyd ekonomies verantwoord word. Die Brahman as Bos Indicus of Zebu het hom geidentifiseer as die mees voordeligste en volledigste “genetiese pakket” op die mark, omdat hy by uitstek geskik is vir Suid-Afrikaanse klimatologiese sowel as tropiese en sub-tropiese toestande.

Die Brahman en sy uniekheid word gedryf deur ‘n progressiewe telers-korps, deelname aan die mees moderne genetiese evaluasie sisteem wat stamboom- en prestasie-inligting integreer om vir eienskappe wat gekorrelleer is met ekonomies belangrike eienskappe beraamde teelwaardes (BTW’s) te beraam, gerugsteun deur navorsing sowel as interaksie met baie lidlande oor die wêreld deur die “World Brahman Federation”.

Kortom: die Brahman is die “*Ras Sonder Grense*”. Vir enige navrae besoek www.brahman.co.za of kontak die Brahman Beestelersgenootskap van Suid Afrika by 051-4480603.